

PERSVERKLARING: SIGARETSMOKKELARY BY BEITBRUG-GRENSPOS

Tshwane, 20 Mei 2023 – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se doeane-afdeling het op 20 Mei 2023 'n trok, met 440 meesterkiste Remington Gold sigarette, met 'n geskatte totale waarde van R9 miljoen, wat valslik as katoenoliekoek verklaar is, onderskep.

Die doeanebeampte wat die inspeksie uitgevoer het, het agterdogtig geraak toe die waarde van die goedere, soos op die dokument verklaar, en die vrag op die trok nie geklop het nie. Met ondervraging van die drywer, was sy antwoorde strydig met die dokument. Die beampte het daarna die trok na die inspeksie-area herlei om die vrag af te pak, en ontdek dat goedere onder die katoenoliekoek verpak is.

Die trok en die goedere is teruggehou en by SARS se staatspakhuis ingeboek. Die verdagte/drywer is gearresteer en aan die polisie oorhandig.

SARS-kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het die beamptes geloof vir hul toewyding tot die beskerming van die land se ekonomie. Hy het gesê: "SARS tree op ingevolge sy strategiese oogmerk om dit duur en moeilik te maak vir belastingpligtiges en handelaars wat met opset die staat bedrieg, en sal genadeloos en magtig teen hulle optree. SARS, in samewerking met ander regsafdwingende agentskappe, bly vasberade om misdaad en nienakoming van die land se doeanewette hok te slaan.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

Sien foto's hieronder!



